## Beroep op boere om deel te neem aan die Sensus van Kommersiële Landbou, 2017 (CoCA 2017)

Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) doen tans ‘n Sensus van Kommersiële Landbou vir 2017 (CoCA 2017). Die sensus dek boere wat vir inkomste produseer en wie se plase geregistreer is vir belasting, hoofsaaklik belasting op toegevoegde waarde (BTW).

Boere behoort deel te neem aan CoCA 2017 om te verseker dat die land planne en beleid ontwikkel rakende die bevordering en groei van die kommersiële landbousektor, gebaseer op feite. Dit sluit in planne en beleid om produksie en belegging in kommersiële landbou te bevorder. Individuele boere sal die ramings van die sensus gebruik om ingeligte besluite te neem oor beleggings in die sektor.

Suid-Afrika het ‘n lang geskiedenis van sensusse op landbou. Die eerste een is in 1918 gedoen en die resultate is in 1919 gepubliseer. Tot en met die vroeë 1980s is die sensus van landbou jaarliks gedoen, met die uitsondering van 1940 tot 1945 (Tweede Wêreldoorlog). Die laaste sensus van kommersiële landbou voor ‘Vryheidsdag” was vir 1993 gedoen. Die eerste sensus van kommersiële landbou sedert 1994 was gedoen vir 2002, terwyl die tweede een gedoen was vir 2007.

Die plan was om ‘n sensus van kommersiële landbou elke vyf jaar te onderneem. Ongelukkig was die sensus vir 2012 nie befonds nie, en het dus nie plaasgevind nie. Dit maak dit nog meer dringend dat ons ‘n suksesvolle sensus vir 2017 doen om die tien-jaar gaping te dek.

Die resultate van die vorige sensusse dui daarop dat die aantal boerderyeenhede in kommersiële landbou afgeneem het van 58 000 in 1993 tot 40 000 in 2007. Gedurende dieselfde tydperk was daar ook ‘n afname in die aantal werknemers, van 1,1 miljoen in 1993 tot 771 000 in 2007.

Alhoewel die bydrae van landbou (insluitend bosbou en visserye) tot die ekonomie slegs 2,6% was in 2017, bly dit ‘n belangrike sektor in Suid-Afrika en verskaf werk aan ongeveer 845 000 mense (ongeveer 5,2% van die nasie se werksmag). Dus speel landbou, veral die kommersiële landbousektor, ‘n belangrike rol in die versekering van voedselsekuriteit, werkskepping, aansporing van landelike ontwikkeling en die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

‘n Sensus is van nature omvattend – dit poog om die hele land te dek en baie vrae te beantwoord. Dus word inligting rakende plaasgrootte, oesproduksie, aantal lewende hawe, masjinerie, werkverskaffing, inkomste, uitgawes en skuld versamel.

Stats SA is verantwoordelik vir amptelike statistieke in die land. Om dit te doen, hou ons by internasionale beste praktyk in terme van standaarde en metodes, spesifiek die Verenigde Nasies Beginsels van Amptelike Statistieke. Stats SA is ‘n onafhanklike instelling, en volgens artikel 7 van die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No. 6 van 1999) het dit die ‘finale verantwoordelikheid’ om data te versamel, verwerk en versprei.

Verder verseker artikel 17 van dieselfde wet dat enige inligting wat ons versamel rakende ‘n huishouding, boerdery of besigheid vertroulik bly tot Stats SA. As sulks word resultate slegs in ‘n saamgestelde formaat uitgegee. Vertroulikheid kan beskou word as die suurstof van amptelike statistieke in enige land. Dit is krities aangesien dit vertroue bou tussen Stats SA en respondente – in hierdie geval, die kommersiële boere.

Stats SA amptenare is sedert Maart vanjaar besig om respondente te bel om aan hulle die opsie te bied om die vraelys self te voltooi (selftelling), of om in te stem tot ‘n besoek van ons amptenare. Die volgende fase, wat in Junie begin, sluit in dat ons amptenare plase per area sal besoek. Boerderye wat selftelling gekies maar nog nie gereageer het nie, word aangemoedig om die vraelys te voltooi om ‘n besoek te vermy.

Boere word aangemoedig om die vraelys teen die ooreengekome keerdatum te voltooi. Ons vermoë as ‘n land om tydige landboustatistieke te verskaf sal verseker dat enige beleid, planne of besluite om landbou te bevorder gebaseer is op statistieke (feite), en nie persepsies nie.

Vir enige navrae of bystand, bel asseblief ons tolvrye nommer **0800 212 169**, of stuur ‘n e-pos aan Agriculture@statssa.gov.za.

Itani Magwaba

Projekbestuurder: Sensus van Kommersiële Landbou, 2017 (CoCA 2017)